HIER IS GOD!

In die Britse museum is daar ’n ou landkaart uit die 16de eeu deur ’n onbekende tekenaar, waarop alle vreesaanjaende aanduidings is. Op sommige plekke staan: Hier is reuse, hier is skerpioene, hier is drake… Vir ’n sekere tyd het die wetenskaplike, Sir John Franklin, die kaart besit. Hy het al die vreesaanjaende aanduidings uitgekrap en bo-oor die hele kaart geskryf: HIER IS GOD! Dis presies wat Lukas met vers 1 en 2 wil sê: Dis God se wêreld! Alle eer aan Hom!

In Lukas 2 hoor ons die woorde: “Eer aan God in die hoogste hemel”. Wat beteken hierdie eer? Eerstens moet ons sê dat God se eer nooit van mense afhang nie. Die teoloog Johan Cilliers het dít van die eer van Jesus te vertel:

Hy vertel die verhaal van sy ervaringe terwyl hy in Heidelberg in Duitsland studeer het. Op ‘n Sondagmôre het hy by die eeue-oue Heilig Geist Kirche ingestap. Wat hom veral opgeval het was die stalletjies wat rondom die kerk hulle ware uitstal en verkoop, onder andere ook pornografiese materiaal. Op een van die gebrandskilderde vensters staan daar Soli Deo Gloria- “Aan God alleen die eer”. Hy het toe by homself gedink dat kerkleiers hulle al lankal teen hierdie straatverkope moes uitspreek, om God se kerk, selfs God se naam, in ere te herstel. Maar nadat hy op Kersoggend die preek daar in die kerk bygewoon het en die prediker juis uit Lukas 2: 14 gepreek het, het hy besef: God is die Here, Hy het die eer en sal dit vir ewig hê. Sy eer hang nie van mense af nie. Dit maak nie saak wat die wêreld sê, of wat die wêreld doen nie, God hét al die eer.

Kersfees is nie maar net ‘n heerlike familiebyeenkoms of ‘n tyd om ou vriende weer op te soek nie. Kersfees is ‘n tyd om soos die engele God se eer raak te sien en dit te besing. Om Jesus Christus te herken en te erken as God en nie maar bloot ‘n kindjie in ‘n stal in Betlehem wat wonders gedoen het nie.

Daar is egter ‘n tweede saak wat ons moet raaksien in die teksvers. Dit is alles goed en wel dat ons Jesus Christus as God eer, maar wat het geword van die vrede waarvan die engele gesing het? Waar kan ons daardie vrede vind in hierdie wêreld? Waar is die vrede wanneer mense onskuldig op hulle plase vermoor word? Sing die engele dan ook van vrede? Wanneer mense, daagliks aangerand en beroof word, sing die engele dan ook van vrede?

As ons mooi luister en ons hoor die klanke van die engele lied, sal ons hoor dat hulle vandag nog sing van vrede. Die vrede lê nie noodwendig tussen mense nie, maar is tussen God en mens. Met Jesus Christus se koms na die wêreld het God vrede gemaak met sy skepping. Die probleem is net dat God se skepping nog nie vrede gemaak het met die Skepper nie. Die hand wat God deur Jesus Christus na die mens uitgesteek het is deur die mens geneem en aan ‘n houtkruis vasgespyker. ‘n Groot gedeelte van die wêreld het nog nie die hand aan die kruis raakgesien as God se hand van vrede nie.

In Efesiërs 2:14 lees ons: “Christus is ons vrede, Hy wat die twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos ‘n muur skeiding gemaak het”.

Ware vrede kan alleenlik plaasvind waar God teenwoordig is. Solank as wat ons nie ons probleme en verskille na God neem nie, sal daar nooit werklike vrede tussen mense wees nie. Vir God se kinders

lê vrede verder daarin dat hulle raaksien en ervaar dat God weer vrede met elkeen van ons gemaak het.

'n Laaste saak oor "vrede". As ek met die persoon langs my verskil oor 'n saak en ek is kwaad vir hom en hy vir my, is daar nie vrede tussen ons nie. En wanneer ons saam met die engele oor vrede wil sing in Kerstyd, moet ons eers al die onvrede uit ons eie lewe verwyder.

Wanneer ons mooi luister na die lied van Vrede wat die engele sing, dan hoor ons ten slotte: "vir die mense in wie God 'n welbehae het!" In die Vulgaat, die Latynse vertaling van die Bybel, staan die gedeelte: "vir die mense wat in God 'n welbehae het". 'n Moderne kommentator vertaal die gedeelte soos volg:"vir die mense wat met welbehae op God se groot dade en verlossingswoorde reageer. Maar dit is nie wat daar staan nie. Direk uit die Grieks vertaal staan daar: "Eer aan die hoogste God en vrede op aarde vir mense in wie Hy groot blydskap het." God het 'n blydskap in gewone mense, mense soos ons.

Binne al die lawaai van Kersfees, etes en partytjies moet ons tyd maak om te luister na die sang van die engele: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het". Dit herinner ons daaraan – Hier is God! Immanuel is regtig by ons. Mag jy God se teenwoordheid hierdie Kersfees ervaar.

Dr. Daniël de Wet
Knysna
Desember 2011